

II. OORSPRONG VAN DIE GELOFTE VAN 1838

1. DIE GROOT TREK TOT DESEMBER 1838

Die Groot Trek kan beskou word as die eerste suksesvolle anti-koloniale opstand teen Britse oorheersing in Afrika,¹ maar ironies genoeg was dit op sigself ook ‘n daad van sekondêre kolonialisasie.² Daar is uiteenlopende opinies oor die betekenis van die Trek, maar waaroor daar sekerheid is, is dat dit ‘n ingrypende invloed op die geskiedenis van Suider-Afrika gehad het.

Tussen 1834 en 1840 het ongeveer vyftienduisend mense, hoofsaaklik Afrikanerboere van die Oosgrensgebied, die Kaapkolonie permanent verlaat. Daar was ‘n verskeidenheid politieke, maatskaplike, ekonomiese, militêre en kulturele redes waarom die Trek plaasgevind het. Die Trekkers is deur verskillende leiers aangevoer en kan nie as ‘n homogene groep beskou word nie. Minder as die helfte van die Kaapse Afrikaners het uiteindelik aan die Trek deelgeneem. Tog het hulle ‘n onberekenbare groot invloed op die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gehad. In latere dekades het die meeste Afrikaners hulle met die Trekkers en hulle ideale vereenselwig. Hulle was ‘n bron van heroïese inspirasie wat aan die Afrikaner se republikeinse opvattinge vorm gegee het, die behoud van sy identiteit verseker het en sy rassebeleid dekades lank bepaal het.³

Een van die mees dinamiese Trekleiers was P. (Pieter) Retief (1780-1838). Hy is tot goewerneur van die Trekkers verkies en op 6 Junie 1837 het hy die ampseed wat sy dienstyl ingelui het, afgelê.⁴ Hy en sy Trekgenote was van plan om hulle in Natal te vestig en Port Natal as hawe te benut. Met dié doel voor oë het Retief onderhandelings met Dingane aangeknoop om grond van die Zuluvolk te bekom. Pas nadat die traktaat wat die transaksie moes bevestig, onderteken is, het Dingane egter op 6 Februarie 1838 aan sy manne opdrag gegee om Retief en sy geselskap om die lewe te bring. Die Zulukoning het ook van sy krygers gestuur om die Trekkers uit te wis. Vroeg die oggend van 17 Februarie 1838 is sowat vyfhonderd mans, vroue

¹ *Beeld*, 1985-10-29 (Afrikaner: Histories ‘n vertraagde volk), p. 9.

² F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 102.

³ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp. 127-132.

⁴ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, pp. 585, 587.

en kinders (insluitende anderskleurige arbeiders) langs die Bloukrans- en Boesmansrivier in verrassingsaanvalle om die lewe gebring. Ongeveer tweeduisend-vyfhonderd stuks vee is in die proses geroof.⁵

Teenaanvalle is deur die Trekkers georganiseer, maar dit het misluk en hulle het verdere verliese gely. ‘n Tweede gerespekteerde leier, P.L. (Piet) Uys (1797-1838), het op 11 April 1838 tydens die Slag van Italeni gesneuwel.⁶ Die Trekkers het A.H. (Hendrik) Potgieter (1792-1852) beskuldig dat hy vir die neerlaag aldaar verantwoordelik was omdat hy lafhartig was. Hy en ongeveer honderd-en-sestig families het Natal gevolglik teen Mei 1838 verlaat en hulle vryheidstrewes op die Hoëveld voortgesit.

Die winter van 1838 was koud en siektes het die Trekkers geteister. Gemoedere het ‘n laagtepunt bereik, veral toe ‘n derde leier, G.M. (Gerrit) Maritz (1797-1838) hulle op 23 September 1838 na ‘n siekbed ontval het.⁷ Van die vernaamste Natalse leiers was nog net hoofkommandant K.P. (Karel) Landman (1796-1875) oor.⁸ Die Trekkers het hulle in hulle nood tot Andries Pretorius gewend en op 22 November 1838 het hy hom uit die Kaapkolonie by hulle in Natal aangesluit.⁹ Pretorius het homself reeds as ‘n bekwame verkenner in die binneland bewys en was van plan om hom mettertyd saam met sy gesin by die landsverhuisers aldaar te voeg.¹⁰ Teen 26 November 1838 is hy as kommandant-generaal aangewys. Hy en die kommando Trekkers onder sy bevel het dadelik voorbereidings getref om teen Dingane op te trek. Pretorius het besef dat ‘n perdekommando nie sukses teen die Zulukrygers sou behaal nie en daar is besluit dat die stryd teen die vyand vanuit ‘n versterkte laer gevoer sou word.¹¹

In dié dae was gebed net so deel van die Trekkers se oorlogsvoorbereidings as wat dit was om koeëls te giet en beskuit in te pak.¹² Landman het by Pretorius aangesluit en hulle getalle is

⁵ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp. 132-133.

⁶ C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, pp. 669, 672.

⁷ H.B. Thom, *Die lewe van Gert Maritz*, pp. 234, 263; W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 509, 512, 634, 637.

⁸ D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 496.

⁹ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 16; J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 133.

¹⁰ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 559.

¹¹ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 19; J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 134.

¹² F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p.195.

verder deur enkele Engelse Natalse pioniers en hulle anderskleurige werkers aangevul.¹³ Een van die kommandolede was J.G. (Jan) Bantjes (1817-1887), die sekretaris van Pretorius, wat tydens die veldtog dagboek gehou en dus ‘n eerstehandse verslag van die gebeure vir die nageslag nagelaat het.¹⁴ Omdat dit, anders as ander weergawes van die Slag en Gelofte, tydens die veldtog geskryf is, word dit as ‘n betroubare bron van inligting beskou.

In hierdie stadium was die Trekkers se enigste kans op oorlewing in Natal daarin geleë dat die Zuluteëstanders oorwin moes word of ‘n ooreenkoms met hulle bereik moes word. Die Britse Owerheid in die Kaapkolonie het reeds op 6 September 1838 ‘n verbod op die uitvoer van ammunisie na die Trekkers ingestel. Dit is gevolg deur ‘n verbod op die uitvoer van lewensmiddele en vanaf 3 Desember 1838 het Britse troepe Port Natal se hawe geblokkeer. Die Trekkers was dus van die buitewêreld afgesny en die kommando se optrede teen die Zulumag was ‘n finaalgerigte daad. As dit onsuksesvol sou wees, sou die trek na Natal as massa-onderneming misluk en was dié pioniers se enigste uitweg (indien hulle sou oorleef), om na die Kaap terug te keer.¹⁵

Aan die einde van November 1838 het die kommando onder die leuse “Eendrag maak mag” op hulle veldtog vertrek.¹⁶ Sommige bronne verwar hierdie kommando met die laer by Vegkop (1836). Daar word dus dikwels beweer dat vroue en kinders ook by die Slag van Bloedrivier betrokke was.¹⁷ Dit is nie die geval nie. Die kommando het beslis net uit weerbare mans bestaan.¹⁸ Anders as wat bronne dikwels vermeld, was hulle doel nie om wraak te neem teen Dingane en sy volgers nie, maar om hierdie vyandige mag uit te skakel, sodat vreedsame voortbestaan in die gebied verseker kon word.¹⁹ Die feit dat die kommando geen ander Zulunedersettings onderweg na Dingane se stat aangeval het nie, bewys dat die veldtog slegs teen Dingane gerig was.²⁰ In sy dagverhaal het Bantjes aangeteken hoe Pretorius tot pas voor 16 Desember 1838 onder die dekking van wit vlae ‘n boodskap aan Dingane gestuur het dat die

¹³ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, p. 23.

¹⁴ W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 50.

¹⁵ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 156; F.A. van Jaarsveld, *Geloftedag in die ban van die tyd, Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, p. 224.

¹⁶ J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Afrika*, p. 164.

¹⁷ T. Pakenham, *Die Boere-Oorlog*, pp. 38-39; 503; *Die Transvaler*, 1969-12-18 (Slagvelde wek geesdrif), p. 6; *Die Burger*, 1977-12-17 (Redes by Geloftedagvieringe), p. 5; *Die Burger*, 1981-12-16 (Bloedrivier se angstyd), p. 5; *Woord en Daad* 23(246), Februarie 1983 (Brief: H. Denkema, Welkom), p. 11; *Beeld*, 1987-12-17 (Beeld-Deurloop), p. 10.

¹⁸ M.J. Swart, *Hoe Geloftedag gevier moet word, Die Voorligter* 41(12), November 1978, p. 10.

¹⁹ M.J. Swart, *Die Bloedrivierslag, Die Taalgenoot* 51(11), Oktober 1982, pp. 16-17.

²⁰ M.J. Swart, *Geloftedag, Die Taalgenoot* 47(12), November 1978, p. 9.

kommando tot vredesonderhandelings bereid was, maar indien hy nie sou instem nie, hulle gereed was om oorlog te voer, al sou dit ook tien jaar lank duur.²¹

Die primêre bronne wat oor die veldtog behoue gebly het, is min en weerspreek mekaar. Oor die reis van die kommando en uiteindelijke Slag van Bloedrivier is daar weinig aspekte waarvan historici seker kan wees. Reeds vir meer as ‘n eeu lank twis belangstellendes oor die roete wat die kommando gevolg het, die datum waarop die Geloofte die eerste keer afgelê is, wie dit afgelê het, wat die presiese inhoud van die Geloofte was, hoe die vorm van die laer by Bloedrivier daar uitgesien het, hoeveel mense, diere en waens in die laer was, hoeveel kanonne gebruik is, hoeveel Zulukrygers by die stryd betrokke was en wat na afloop van die stryd van die gewondes geword het.²² Die bestaande bronne is male sonder tal ontleed en beoordeel en uiteindelik is besef dat finale antwoorde op die vrae waarskynlik nooit bereik sal word nie.²³ Die een feit wat nie ontken kan word nie, is dat die kommando voor ‘n gedugte Zululeërmag te staan sou kom en dat hulle dit geweet het.

2. AFLEGGING VAN DIE GELOFTE

Die godsdienstige leier van die kommando was S.A. (Sarel) Cilliers (1801-1871). Hy en eerw. Erasmus Smit het dikwels swaarde gekruis oor Cilliers se gebrek aan formele geestelike opleiding, maar tog was laasgenoemde ‘n toegewyde Christen en gewilde prediker.²⁴ Die idee het by Cilliers en Andries Pretorius ontstaan dat die Here se hulp vir die komende stryd op ‘n besondere wyse gevra moes word. Hulle het besluit om dit deur middel van ‘n gelofte te doen. Sommige historici skryf die besluit aan Pretorius toe.²⁵ ‘n Motivering hiervoor is die feit dat Cilliers voor

²¹ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, p. 14.

²² M.J. Swart, ... tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Vrae rondom die viering van Geloftedag, dog ‘n feitlike werklikheid, *Handhaaf* 21(2), November 1983, pp. 13-14; *Saamtrek* 2(1), Januarie en Februarie 2002 (Brief en redaksionele kommentaar), p. 18.

²³ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 34, 36; F.J. du Toit Spies, Die Bloedriviermonument, in J.J. van Tonder (red.), *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, p. 85; C.J. Uys, Danskraal of Waschbankspruit?, *Historia* 3(2), Junie 1958, p. 111; F.J. du Toit Spies, Bloedrivier – ‘n Ondersoek na die werklike feite, *Standpunte* 17(1), Oktober 1963, p. 41; *Byvoegsel tot Die Volksblad*, 1967-12-15 (Die Geloofte van 16 Desember), p. 3; F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Geloofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, pp. 8-9; F.J. du Toit Spies, Onsekerheid in verband met die Geloofte van 1838, *Historia* 33(2), November 1988, p. 59.

²⁴ P.S. de Jongh, *Die lewe van Erasmus Smit*, pp. 121, 149-150; C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, pp. 83-84.

²⁵ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 26; *Die Huisgenoot* 34 (1445), 1949-12-02 (Brief: B.J. Barnard, Bloemfontein), p. 6; C.J. Uys, Die aflegging van die Voortrekker-Geloofte, onbetroubaarheid van Sarel Cilliers se sogenaamde “Journal”, *Die Skoolblad* 38(2), Februarie 1950, p. 17; S.P. Engelbrecht, Die Geloofte, in Remskoek (red.), *Voortrekkermonument soewenier 1949*, p. 101; M.C.E. van Schoor, Is Geloftedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 6; S. Vercueil, Ons herdenk die Geloofte en Bloedrivier, *Naweekpos* 12(140), Desember 1965, p. 23; A.P.J. van Rensburg, Monumente van Suid-Afrika III: Die Sondagslag by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 37(6), Mei 1966, p. 11.

die aflegging bekommerd was dat die Gelofte in later jare nie nagekom sou word nie en dat dit die Here se oordeel oor die afleggers sou bring.²⁶ Andere is weer oortuig dat Cilliers, juis vanweë sy reputasie as geestelike leier, inderdaad die vader van Dingaansdag was.²⁷ ‘n Enkele artikel skep selfs die illusie dat Retief by die idee aan ‘n gelofte betrokke was!²⁸ Die mees aanvaarbare antwoord is dat beide Pretorius en Cilliers op die idee gekom en dit laat realiseer het.²⁹

Die ontstaan van die Gelofte is al aan ‘n verskeidenheid bronne toegeskryf. Hoewel daar twyfel oor die Trekkers se Calvinisme uitgespreek is,³⁰ kan die innigheid van die meerderheid van hulle se geloofslawe nie betwyfel word nie.³¹ Daar word geoordeel dat hulle ‘n teokratiese eenheids- of verbondsgemeenskap was. Uit hierdie agtergrond en omdat hulle parallelle tussen hulle situasie en dié van die volk Israel in die Ou Testament gevind het, was ‘n gelofte dus vir hulle ‘n aanvaarbare aksie. Die skrywers van die Nadere Reformasie in Nederland het ook ‘n belangrike rol in die godsdienst- en algemene lewe van die Trekkers gespeel. Een van die mees geliefde en gelese van dié skrywers was Wilhelmus à Brakel. Dit is bekend dat sy boeke onder die eiendom van baie Trekkers was en die plek van predikante in hulle daaglikse wandel ingeneem het. In sy werk *Redelike Godsdienst* het à Brakel die aflegging van geloftes as ‘n belangrike deel van die Christelike lewe onder die loep geneem. Hy het gemeen dat ‘n gelofte ‘n verbintenis aan God is wat uit vrye wil gedoen moes word en uit dankbaarheid tot God en bevordering van die geestelike welstand nagekom moes word. Hy het gemaak dat dit nie ligtelik gemaak kon word nie en pertinent gemeld dat geloftes in ‘n noodsituasie gebruik kon word. Die skriftuurlike aanhalings met voorskrifte rondom die aflê van ‘n gelofte wat à Brakel voorsien het, is ook in 1838 deur Cilliers aangehaal. Met kennis van bogenoemde geloofsvoorskrifte sou dit vir die Trekkers in hulle uur van nood natuurlik wees om hulle langs

²⁶ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 156-157; 277.

²⁷ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 66; *Die Volksblad*, 1947-12-15 (Stop van myne), p. 2; *Die Transvaler*, 1962-12-15 (Redaksioneel), p. 6; J.T. Jordaan, 1838 – 1866 – Vandag Gelofte, *Die Kerkbode* 92(24), 1963-12-11, p. 834; *Die Burger*, 1966-12-16 (Gelofte is 120 jaar gelede namens ons gedoen), p. 6; J.J. van Tonder, Die Sarel Cilliers-monument op Kroonstad, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 14; *Woord en Daad* 23(248), April 1983 (Brief: G. Thom, Fort Hare), p. 15; S.P. Olivier, *Fokus op Gelofte*, p. 32.

²⁸ D.P.M. Beukes, Wat Gelofte vir my beteken ..., *Die Kerkbode* 106(25), 1970-12-16, p. 866.

²⁹ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), Bloemfontein: Pamfletteversameling P7-38, Ons nasionale feesdae, 1967, p. 26; *Byvoegsel tot Die Volksblad*, 1967-12-15 (Die Gelofte van 16 Desember), p. 3; W.A. Stals, Die Gelofte. Die instelling en viering van Gelofte, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 10.

³⁰ A. du Toit, Captive to the Nationalist Paradigm: Prof. F.A. van Jaarsveld and the historical evidence for the Afrikaner’s ideas on his calling and mission, *South African Historical Journal* (16), 1984, pp. 50-51, 54.

³¹ P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866 II*, pp. 20-24.

hierdie weg tot God te wend.³² Pretorius het immers die mans gereeld daaraan herinner dat hulle alleen met God se hulp met hulle veldtog sou slaag. Die kommando het dit ter harte geneem en daagliks saam aandgodsdienste gehou.³³

Waar en wanneer die Geloofte afgelê is, het ook al vir baie kontroversie gesorg. Een moontlikheid is dat dit (volgens Cilliers se herinneringe) op 7 Desember 1838 by Danskraal plaasgevind het.³⁴ ‘n Gedenkteken in die vorm van ‘n klipstapel is selfs daar opgerig op die presiese punt waar die Geloofte sogenaamd afgelê is en die grond is deur die eienaar aan die Monumentekommissee geskenk.³⁵ Tydens die Eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938 is die aflegging van die Geloofte op 7 Desember by Danskraal herdenk.³⁶ In 1961 het die Geloftemonumentekommissee van Danskraal om fondse gevra om ‘n formele monument aldaar op te rig.³⁷ Die FAK en SVK wou hulle egter nie ten gunste van dié onderneming uitspreek nie, omdat hulle gevoel het dat daar nie voldoende bewyse was dat Danskraal die ware geboorteplek van die Geloofte was nie.³⁸ Met die inwyding van die gerestoureerde Bloedrivierterrein in 1971 is die Geloofte selfs saans vanaf 7 Desember herhaal omdat die organiseerders op dié datum as die datum van die eerste aflegging besluit het.³⁹

³² J.C. Pretorius (red.), *Op trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*, p. 175; E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, pp. 301-303.

³³ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, pp. 6, 8-9.

³⁴ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 66; *Die Kerkbode* 41(5), 1938-02-02 (Brief: G.B.A. Gerdener, Stellenbosch), p. 219; A. Kuit, Die Geloofte van Sarel Cilliers, in Dingaansfeeskomitee van die Kaapse Skiereiland, *Program en soewenier 1838-1938: Dingaansdag eeufeesviering op 14, 15 en 16 Desember 1938, Rosebank se tentoonstellingsgronde*, p. 19; *Die Volksblad*, 1947-12-15 (Stop van myne), p. 2; *Die Transvaler*, 1947-12-23 (Dingaansfees), p. 4; *Die Transvaler*, 1953-12-11 (Brief: J.C. Vermaak, Vereeniging), p. 7; J.C. Vermaak, Danskraal en die Geloofte, *Historia* 2(2), September 1957, pp. 137-142; J. Bekker, Geloftedag, *Koers* 30(7 en 8), Januarie en Februarie 1963, p. 33; A.T. Spies en C.J. Uys, Is die Geloofte op 7 of 9 Desember afgelê?, *Historia* 8(1), Maart 1963, pp. 5-12; *Die Burger*, 1966-12-16 (Geloofte is 120 jaar gelede namens ons gedoen), p. 6; *Die Transvaler*, 1968-12-13 (Geloftedagfeeste in Natal), p. 15; *Die Volksblad*, 1968-12-14 (Redaksioneel), p. 6; N. Lee, Gods verbonde en die Geloofte, *Die Kerkbode* 104(24), 1969-12-10, p. 833; *Die Volksblad*, 1970-12-15 (Redaksioneel), p. 12; *Byvoegsel tot Die Burger*, 1971-12-11 (Só is die Geloofte afgelê), p. 7; O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, simbool van vryheidsin, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 26; Anonym, Blood River, *Afrika-Post* 20(1), Januar 1973, p. 12; W.J. van der Merwe, Die Geloofte van Bloedrivier, *Die Kerkbode* 122(24), 1978-12-13, p. 747; *Die Kerkbode* 124(24), 1979-12-12 (Redaksioneel), p. 739; *Die Burger*, 1982-12-16 (Danskraal praat met ‘n mens), p. 5; S.P. Olivier, *Fokus op Geloofte*, p. 19.

³⁵ Anoniem, Danskraal – ‘n Diep spoor in ons volksgeskiedenis, *Die Landbouweekblad* 33(1706), 1952-03-26, pp. 32-33.

³⁶ *Die Volkstem*, 1938-12-09 (Feesverrigtinge te Danskraal), p. 5.

³⁷ AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/5: Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1961-02-14, p. 9.

³⁸ AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/5: Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1961-08-04, p. 9.

³⁹ A.P. van der Colf, Die Geloftedag by Bloedrivier, *Die Voorligter* 34 (12), November 1971, p. 4.

Sommige navorsers vertrou Bantjes se dagverhaal en meen dat die Gelofte op 9 Desember by Wasbank ontstaan het.⁴⁰ Hulle argument is dat al die kommandoede nie by Danskraal teenwoordig was nie en dat Cilliers se getuienis nie sonder meer vertrou kan word nie. Sy herinneringe waarin 7 Desember genoem word, is té lank na die gebeure, naamlik ongeveer in 1870, opgeteken. In ‘n brief wat hy in 1866 aan ds. H. van Broekhuizen gestuur het, het Cilliers byvoorbeeld die datum as 13 Desember 1838 aangegee, wat as ‘n verdere bewys daarvan beskou kan word dat hy die presiese datum vergeet het.⁴¹

‘n Derde groep vermeng die twee moontlikhede en praat van die Danskraalgelofte wat op 9 Desember 1838 afgelê is!⁴² Die presiese datum en plek sal waarskynlik altyd kontensieus bly. Daar kan egter aanvaar word dat Cilliers en Pretorius voor 9 Desember reeds die idee met die kommandoede bespreek het.⁴³

Al kan die datum nie presies bepaal word nie, is dit tog belangrik om daarop te let dat die Gelofte nie afgelê is waar die Trekkers reeds in onmiddellike doodsgevaar verkeer het nie, maar

⁴⁰ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 31; *Die Kerkbode* 41(2), 1938-01-12 (Brief: J.H.J. Potgieter, Alexandria), p. 83; H.B. Thom, Bloedrivier, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 128; S.P. Engelbrecht, Die Gelofte, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 127; S.P. Engelbrecht, Die Gelofte, in Remskoën (red.), *Voortrekkermonument soewenier 1949*, p. 99; *Die Kerkbode* 72(25), 1953-12-16 (Redaksioneel), p. 924; M.C.E. van Schoor, Is Geloftegedag gereeld gevier?, *Die Taalgenoot* 25(1), Desember 1955, p. 6; C.J. Uys, Die penvoerder van die Groot Trek, *Die Kerkbode* 80(26), 1957-12-25, p. 1154; C.J. Uys, Danskraal of Waschbankspruit?, *Historia* 3(2), Junie 1958, pp. 99-101, 104; D.J. Kotzé, Geloftegedag – net vir gelowige mense, *Die Huisgenoot* 42(2177), 1963-12-13, p. 6; AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/6: Notule van die sewentiende tweejaarlikse FAK-kongres, 1964-09-30 tot 1964-10-01, p. 10; A.P.J. van Rensburg, Monumente van Suid-Afrika III: Die Sondagslag by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 37(6), Mei 1966, p. 11; Anonymous, Day of the Covenant, *South African Panorama* 12(12), Desember 1967, p. 4; AREA, Bloemfontein: Pamfletteversameling P7-38, Ons nasionale feesdae, 1967, p. 27; H.C.J. Flemming, Die Genadekoning teenoor die genadelose koning, *Die Kerkbode* 104(24), 1969-12-10, p. 832; *Die Transvaler*, 1970-12-19 (Geloftefees veelsydiger), p. 4; J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Afrika*, p. 166; *Die Volksblad*, 1977-12-15 (Redaksioneel), p. 14; P.S. Dreyer, Geloftefees is ‘n Afrikanerfees, *Die Hervormer* 69(1), April 1978, p. 1; D.F. Malan, Geloftegedag: Gelofte bindend in verbinding met Christus, *Die Voorligter* 43(1), Desember 1979, p. 6; A.J.G. Dreyer, Is Geloftegedag net ‘n groeppfees?, *Die Hervormer* 73(7), Oktober 1981, p. 7; *Die Volksblad*, 1981-12-15 (Redaksioneel), p. 12; B. Spoelstra, Kan Geloftegedag oorlewe, *Instituut vir Reformatoriese Studiestukke* F1(180), p. 4.

⁴¹ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 158-159.

⁴² C.K. Oberholzer, Dingaansdag: Sy sin en betekenis, *Inspan* 6(4), Januarie 1947, p. 7; G.D. Scholtz, Dingaansdag in ons geskiedenis, *Die Ruiters* 1(33), 1947-12-17, p. 23; *Die Transvaler*, 1963-12-18 (“Voortrekkers was nie dwepers”), p. 4; S. Vercueil, Ons herdenk die Gelofte en Bloedrivier, *Naweekpos* 12(140), Desember 1965, p. 22; P.M.H. Calitz, Geloftegedag. Sy ontstaan, inhoud en betekenis, *Handhaaf* 10(3), November 1972, p. 20; J.J. van Huyssteen, Die Voortrekkers, *Die Kerkbode* 124(24), 1979-12-12, p. 753.

⁴³ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 30; W.A. Stals, Die Gelofte. Die instelling en viering van Geloftegedag, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 10; A.N. Pelzer, Die ontstaan van die Gelofte, in A.P. van der Colf (red.), *“Hier staan ons ...” Geloftefeesbundel*, p. 34.

toe die Slag nog in ‘n beplanningsfase was. Die Gelofte was dus nie ‘n desperate noodkreet nie, maar ‘n wilsbesluit.⁴⁴

Voordat die Gelofte afgelê is, moes al die teenwoordiges verklaar of hulle bereid was om hulle op so ‘n vaste wyse tot God te verbind. Die idee dat die mans dit eenparig aanvaar het, klink aangrypend en edel. Die getuienis in hierdie verband in Bantjes en Cilliers se beskrywings van die aflegging, is vaag,⁴⁵ maar talle latere bronne beweer dat dit die geval was.⁴⁶ Ander bronne maak dit weer duidelik dat Cilliers nie die enigste was wat God se oordeel gevrees het indien ‘n gelofte afgelê sou word, maar die nakoming daarvan later in onbruik sou verval nie. Twee mans, moontlik met die vanne Naudé en Malan, het verkies om nie in die Gelofte te deel nie.⁴⁷ Dat hulle in die desperate tyd banger vir God as vir die oormag Zulustryders was, getuig van hulle sterk godsdienssin. Dit is ironies dat Naudé se nasate in die jare wat gevolg het, skynbaar getroue Dingaansfeesgangers was.⁴⁸

Of die anderskleuriges en Engelse wat deel van die kommando was, ook die Gelofte afgelê het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.⁴⁹ Sommige bronne beweer hulle was nie deel daarvan nie, omdat Pretorius nie gemeen het dat hulle geloofslewe dit regverdig het nie.⁵⁰ Hulle sou moontlik na die diere omgesien of wag gestaan het terwyl die Gelofte bespreek is. Ander was weer van oordeel dat, aan die hand daarvan dat die Trekkers altyd hulle werkers saam laat

⁴⁴ M.J. Swart, Hoe Geloftegedag gevier moet word, *Die Voorligter* 41(12), November 1978, p. 10.

⁴⁵ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommando [sic])*, pp. 12-13; G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 121.

⁴⁶ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 67; *De Kerkbode* 14(53), 1924-12-31 (Brief: F. Pieterse, Dundee), p. 1746; B. Smit, Die heldeverhaal, in Anoniem, *Die Gelofte. The Covenant. Le Serment. Das Gelübde*, pp. 53-55; *Die Burger*, 1966-12-16 (Gelofte is 120 jaar gelede namens ons gedoen), p. 6; W.A. Stals, Die Gelofte. Die instelling en viering van Geloftegedag, *Handhaaf* 9(3), November 1971, p. 10; A.P. Smit, Die boodskap van die Gelofte, *Handhaaf* 10(3), November 1972, p. 10; B. Blom, Leer by die mier hoe om Geloftegedag te vier, *Die Kerkbode* 152(23), 1993-12-10, p. 11.

⁴⁷ C.J. Uys, Die aflegging van die Voortrekker-Gelofte, onbetroubaarheid van Sarel Cilliers se sogenaamde “Journal”, *Die Skoolblad* 38(2), Februarie 1950, p. 18; *Die Volksblad*, 1972-12-15 (Redaksioneel), p. 14; A.P. van der Merwe, Geloftegedag – daad van die Evangelisasie, *Die Taalgenoot* 43(11), Oktober 1974, p. 8; W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, p. 73; F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Gelofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, p. 12.

⁴⁸ H.J. van Zyl, Hoe Dingaansdag ontstaan het, *Die Huisgenoot* 26(977), 1940-12-13, pp. 29; 63.

⁴⁹ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 160-161.

⁵⁰ M.J. Swart, Die eise van Geloftegedag, *Die Voorligter* 35(1), Desember 1971, p. 2; A.D. Pont, Die Gelofte in gedrang, in F.J. Strauss en A.D. Pont, *Bloedrivier, stem uit die verlede, taak vir die hede, hoop vir die toekoms*, p. 18.

huisgodsdienst hou het, hulle ook almal wat aan die Geloofte wou deelneem, daarby sou ingesluit het.⁵¹

Ten spyte van bogenoemde kontroversie, is daar ‘n redelike mate van sekerheid oor hoe die aflegging van die Geloofte verloop het. Die hele kommando was byeen en die idee oor die Geloofte was reeds aan almal bekend. Cilliers het die woord gevoer. Eers het hulle Psalm 38, verse 12 tot 16 gesing, waarna Cilliers vurig tot God gebid en die eerste 24 verse van Rigters 6 gelees het. Dié skrifgedeelte handel oor Gideon en sy keurbende wat teen ‘n oormag Midianiete uitgetrek en laasgenoemde wonderbaarlik oorwin het. Cilliers het ook verwys na Jefta se gelofte in Rigters 11, verse 30 tot 40. In ‘n nagebed het Cilliers die Geloofte namens die kommando afgelê en hulle het met ‘n gesamentlike “amen” hulle instemming hiermee betoon. Ten slotte is Psalm 38, verse 12 en 21, asook Psalm 134 gesing.⁵² Die Geloofte se presiese woorde het nie behoue gebly nie, maar dit het daarop neergekom dat indien die Here aan die Trekkers ‘n oorwinning sou beskik, hulle ‘n kerk tot Sy eer sou oprig en hulle en hulle nageslag die dag van die oorwinning tot verheerliking van God alleen aan Hom sou wy.⁵³

3. DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER (16 DESEMBER 1838)

Nadat die Geloofte afgelê is, is dit elke aand herbevestig, wat bewys hoe ernstig die kommando daarvoor gevoel het.⁵⁴ Steeds het hulle nader aan Dingane se stat beweeg en was Pretorius en sy manne op die uitkyk vir ‘n geskikte plek om laer te trek indien die vyand sou aanval. Op Saterdag 15 Desember 1838 het die verkenners ‘n groot Zululeër naby die kommando opgemerk. Pretorius het die Trekkers beveel om aan die Ncomerivier laer te trek. Veghekke is tussen die waens opgestel en die Trekkers was slag gereed. Aandgodsdienst is soos gebruikelik gehou.⁵⁵

⁵¹ J.C. Vermaak, Danskraal en die Geloofte, *Historia* 2(2), September 1957, pp. 137-142; C.J. Uys, Danskraal of Waschbankspruit?, *Historia* 3(2), Junie 1958, p. 105.

⁵² D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 5; P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 161-163; G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, pp. 12-13.

⁵³ J.T. du Bruyn, Die Groot Trek, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 135.

⁵⁴ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 6-7; W. Marais, *Geloftedag en die toekoms van die Afrikaner*, p. 5.

⁵⁵ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 36; V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, pp. 27, 29.

Volgens mondelinge oorlewering van Zulukrygers, het hierdie leër uit die room van Dingane se mag bestaan.⁵⁶ Hulle is aangevoer deur Ndlela en Dambuza, ervare generaals uit die legendariese krygsman en Zulukoning Shaka (c.1787-1828) se era.⁵⁷ Hulle was gereed vir die stryd. In seremonies wat drie dae lank voor hulle vertrek gehou is, is spesiale krygsmedisyne voorberei wat die soldate sogenaamd onoorwinlik sou maak. Die krygers het ook volgens tradisie ‘n optog na die grafte van die konings gehou en prysliedere aangehef, waarna nog meer seremonies gevolg het.⁵⁸

Ndlela het die Trekkers aanvanklik in ‘n hinderlaag probeer lei, maar het uiteindelik beseft dat dit nie sou slaag nie en dat hy en sy manne die laer sou moes aanval. Die nag was donker en ‘n digte mis het boonop toegesak. Die Zululagordes is met moeite rondom die laer opgestel. Toe die mis op Sondagoggend 16 Desember 1838 lig, het die Trekkers die grootste Zulumag wat ooit in die geskiedenis saamgetrek was, in die gesig gestaar. Presiese getalle is onseker, maar in die laer was minder as seshonderd weerbare mans teenoor vyftien- tot dertigduisend Zulukrygers daarbuite. ‘n Verwoede geveg het gevolg — die Zulu-orde het gestorm en telkens weer teruggeval.⁵⁹ Dit was nie maar bloot ‘n reeks lukrake stormlope nie, maar deel van ‘n fyn beplande krygstaktiek. Dit is egter in die wiede gery deur hulle woede en wraaksug weens die verliese wat hulle gelei het, asook eiebelang en ‘n gebrek aan dissipline op deurslaggewende oomblikke. Telkens na ‘n stormloop het hulle die situasie in oënskou geneem en hergroepeer om hulle aanval meer effektief te maak, maar hulle strategie was nie goed genoeg om die Trekkers te oorrampel nie.⁶⁰ Teen die einde van die stryd het ‘n perdekommando selfs keer op keer die laer verlaat en die Zulumag agtervolg om die Trekkers se slaankrag te verhoog. Uiteindelik het die Zulukrygers op die vlug geslaan.⁶¹

Aan beide kante het ‘n fanatiese gees tydens die stryd geheers en is ongelooflik dapper geveg, maar ten slotte het die Trekkers se tegnologiese superioriteit en geloofsmoed aan hulle die

⁵⁶ P.J. Schoeman, Wat die Zoeloes vertel, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 135; D.P. Goosen, ‘n Zoeloe vertel: Die Slag van Bloedrivier, *Rooi Rose* 25(10), 1968-12-18, p. 53.

⁵⁷ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 655; A. Malan, Toespraak: Die Slag van Bloedrivier – 16 Desember 1838, Geloftedagfees, Heidelberg (Gauteng), 2000-12-15, pp. 29-30, 35, 37-38, 41.

⁵⁸ J. Grobler, Nog ‘n monument by Bloedrivier, *Die Taalgenoot* 67(12), Desember 1998, p. 7.

⁵⁹ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, pp. 23, 34-53.

⁶⁰ A. Malan, Toespraak: Die Slag van Bloedrivier – 16 Desember 1838, Geloftedagfees, Heidelberg (Gauteng), 2000-12-15, pp. 29-30, 35, 37-38, 41.

⁶¹ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, pp. 53-56.

oorwinning besorg.⁶² Die Slag het ook bewys dat ‘n laer met dieselfde effektiwiteit as ‘n fort aangewend kon word.⁶³ Na die stryd bedaar het, is gevind dat drie Trekkers (insluitende Pretorius) gewond was. Die Zululeër se verliese is deur die kommando op sowat drieduisend-vyfhonderd gereken. Onder die dooies was twee halfbroers van Dingane. Die Zululagoffers se bloed het die Ncomerivier rooi gekleur en ‘n grieselrige oorsprong aan die naam van die Slag gegee. Later sou Zulu-oorlewendes beweer dat ongeveer tienduisend van hulle krygers gedurende die veldtog gesterf het. Dit is moontlik as gereken word dat talle van hulle ernstig by Bloedrivier verwond is en later kon sterf, en dat nog skermutselinge na Bloedrivier gevolg het.⁶⁴

Nog op dieselfde dag (16 Desember 1838), pas na afloop van die Slag, is ‘n dankdiens deur die vermoeide krygers in die laer gehou.⁶⁵ Dit kan as die eerste Gelofteherdenking beskou word. Helaas was daar toe ook reeds kommandoede wat oor hulle oorwinning geroem het en Cilliers het die gevolge van die afgelegde Gelofte nog meer gevrees.⁶⁶

4. BETEKENIS VAN DIE SLAG

Bloedrivier is al beskryf as die grootste slag wat ooit tussen swart en wit in Suid-Afrika plaasgevind het.⁶⁷ Dit was egter nie die einde van die stryd teen Dingane nie. Op 27 Desember 1838 is die Trekkers se kommando by die Wit Umfolozirivier in ‘n hinderlaag gelei en verskeie kommandoede het gesneuwel.⁶⁸ Nogtans het dit die einde van Dingane se glorie beteken. Sy half-broer Mpande (1798-1872) en duisende volgelingen het gedros en goeie verhoudings met die Trekkers aangeknoop. Op 15 Maart 1840 is Dingane deur lede van die Nyawostam, moontlik bygestaan deur Swazikrygers, om die lewe gebring. Na die Slag van Bloedrivier het blanke immigrasie na Natal toegeneem.⁶⁹ Duisende swartes wat weens Dingane se wispelturige en despotiese bewind in moeilik toeganklike klowe geskuil het, kon

⁶² J. Meintjes, *The Voortrekkers. The story of the Great Trek and the making of South Afrika*, p. 172.

⁶³ A. Hochschild, *The mirror at midnight – A journey to the heart of South Africa*, p. 259.

⁶⁴ V.E. d’Assonville, *Bloedrivier*, pp. 34, 36, 56, 58; D.P. Goosen, ‘n Zoeloe vertel: Die Slag van Bloedrivier, *Rooi Rose* 25(10), 1968-12-18, pp. 52-53.

⁶⁵ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 8; B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 39.

⁶⁶ G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 71; P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 169.

⁶⁷ H.B. Thom, *Bloedrivier, Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, pp. 128, 133.

⁶⁸ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 43-44; *Die Burger*, 1977-12-16 (Bloedrivier kan ons ‘n les oor getalle leer), p. 6.

⁶⁹ W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African Biography II*, pp. 196, 496.

ook na hulle ou woonplekke in Natal terugkeer.⁷⁰ Tog het lede van die Zuluvolk ‘n eeu later verklaar: “Die son het vir ons, as Zoeloes, by Ncome (Bloedrivier) ondergegaan ...”⁷¹ Nooit sou hulle weer die alleenheersers in Natal wees nie.

Vir Afrikaners was die uniekheid van die Slag in die aflegging van die Geloofte geleë. By Cilliers en die meeste kommandoede was daar geen twyfel dat die uitkoms direk deur God beskik is nie.⁷² Deur die jare is dit dus toenemend as ‘n wonderwerk beskou. Die neerlaag wat die Britte op 22 Januarie 1879 by Isandlwana gely het, ten spyte daarvan dat hulle met slotgewere, kanonne, vuurpylbuisse en masjiengewere toegerus was, het tot die siening van Bloedrivier as ‘n bonatuurlike gebeurtenis bygedra.⁷³ Bowendien het Zulukrygers in later jare vertel dat geeste in die nag oor die Wenkommando se laer gewaak het. Lanterns is in die nag deur die Trekkers aan sweepstokke om die laer gehys om ‘n verrassingsaanval te verhoed en die vreemde lig wat dit in die mis gemaak het, het moontlik tot hierdie legende aanleiding gegee.⁷⁴

Argumente wat ten gunste van die wonderwerk aangevoer is, is eerstens dat die Trekkers met die stadige en onvoorspelbare vuurkrag van pangewere teen so ‘n groot oormag geen lewensverlies gely het nie.⁷⁵ Boonop het die Zulumag nie in die nag aangeval nie, wat die verdediging van die laer vergemaklik het. Die mis het teen dagbreek opgeklare en al val Desember in Natal se reënseisoen, het dit ook nie tydens die geveg gereën nie (reën en mis sou die Trekkers se kruit klam en onbruikbaar gemaak het).⁷⁶ Die Trekkers se kruit het gehou en die diere in die laer het nie te midde van die strydrumoer op loop gegaan, wat die laer sou kon vernietig nie.⁷⁷

Teen die einde van die twintigste eeu het historici hierdie argumente al meer betwis. Nadat sy sorgvuldig nagevorsde biografie *Andries Pretorius in Natal* in 1977 verskyn het, het B.J. Liebenberg voortgegaan om waterskeidende werk oor die Slag van Bloedrivier te doen. In artikels wat in 1977⁷⁸,

⁷⁰ B. Liebenberg, Bloedrivier, die ongelooflike feite, *Die Huisgenoot* 50(2902), 1977-12-16, p. 55.

⁷¹ P.J. Schoeman, Wat die Zoeloes vertel, *Gedenkuitgawe van die Huisgenoot*, Desember 1938, p. 135.

⁷² P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. 'n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 170.

⁷³ V.E. d'Assonville, *Bloedrivier*, p. 41-42.

⁷⁴ W. Marais, *Gelofte en die toekoms van die Afrikaner*, p. 7; A. Malan, Toespraak: Die Slag van Bloedrivier – 16 Desember 1838, Geloftefees, Heidelberg (Gauteng), 2000-12-15, p. 31.

⁷⁵ J. Bekker, Geloftefees, *Koers* 30(7 en 8), Januarie en Februarie 1963, p. 33; *Die Burger*, 1965-12-16 (Bloedrivier: ‘n Wonderwerk?), p. 2.

⁷⁶ D.J. Kotzé, Die wonder van Bloedrivier: Waarin is dit geleë?, *Die Huisgenoot* 42(2541), 1970-12-18, p. 31.

⁷⁷ *Die Transvaler*, 1970-12-19 (Geloftefees veelsydiger), p. 4.

⁷⁸ B.J. Liebenberg, Bloedrivier, die ongelooflike feite. *Die Huisgenoot* 50(2902), 1977-12-16.

1980⁷⁹ en 1988⁸⁰ in periodieke publikasies verskyn het, het hy aangetoon dat die meeste gebeure tydens die Slag rationeel verklaar kon word. Dit het ‘n totaal nuwe beskouing van feite (wat kort tevore nog as oorbekend beskou is) beteken. Liebenberg het aangevoer dat Zulukrygers as ‘n reël nie snags aangeval het nie, dat die stygende dagtemperatuur of wind die mis maklik kon opgeklaar het en dat dit gemiddeld net twaalf dae per Desember in die omgewing reën. Die kans op mooi weer was dus beter as op reën. Die donker en mis sou beide leërs ewe veel benadeel — moontlik die Zululeër nog meer as die kommando wat binne ‘n laerposisie seker van hulle omgewing was. In geval van reën kon die kommando desnoods vanuit die waens skiet. Dit sou moeilik, maar nie onmoontlik wees nie. Zulumagte het sover bekend, ook nooit in reënweer aangeval nie.⁸¹ Op militêre gebied het die Trekkers met hulle moderner wapens en beskutte gevegsposisie ‘n voordeel bo die Zulukrygers gehad, veral omdat hulle op ‘n hinderlaag bedag was en al die Zululagordes nie gelyktydig aangeval het nie.⁸² Dat Pretorius ‘n puik aanvoerder en taktikus was, het verder tot die Trekkers se sukses bygedra.⁸³ Vir die kalmte van die diere in die laer, is nog geen verduideliking aangebied nie.⁸⁴

Redes waarom mense graag ‘n wonderwerk by Bloedrivier veronderstel, is dat dit ‘n maklike verklaring vir ‘n ingewikkelde gebeurtenis bied, aanpas by die Gelofte wat die veldslag uniek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis maak en dat hierdie verduideliking ook die nasionalistiese idee ondersteun dat die Afrikaner ‘n roeping van God in Suid-Afrika het.⁸⁵

Die taak van ‘n historikus is om die geskiedenis so objektief moontlik weer te gee. Daar kan verder aanvaar word dat alle historici nie dieselfde godsdienste aanhang nie en dat hulle geloofsoortuigings nie hulle sukses as geskiedkundiges bepaal nie. Dit sou dus onaanvaarbaar wees om in ‘n historiese studie te verklaar hoekom en waar God in die geskiedenis optree, of waar nie. Daarteenoor kan uit die oogpunt van ‘n Christen aangevoer word dat alle gebeure in die geskiedenis deur die Here beskik word en vanuit dié perspektief beskou, was Bloedrivier deel van die ondeurgrondelike Goddelike plan met die mensheid. Oor hierdie saak is die laaste woorde waarskynlik nog lank nie geskryf nie en sal historici, teoloë en ander belangstellendes nog veel kan bydra.

⁷⁹ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980.

⁸⁰ B.J. Liebenberg, Mites rondom Bloedrivier en die Gelofte. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (20), 1988.

⁸¹ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980, pp. 2-5.

⁸² D.J. Kotzé, Die wonder van Bloedrivier: Waarin is dit geleë?, *Die Huisgenoot* 42(2541), 1970-12-18, p. 31.

⁸³ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980, p. 5.

⁸⁴ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 169.

⁸⁵ B.J. Liebenberg, Bloedrivier en Gods Hand, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* (12), November 1980, p. 11.

Die Slag se betekenis ten opsigte van hierdie studie lê daarin dat dit die oorsprong van Geloftewel Dingaansdagvierings was.

5. BEWOORDING VAN DIE GELOFTE

‘n Grondige kennis van die Gelofte se inhoud is nodig ten einde begrip te verkry vir die wyses waarop dit deur die jare gevier is.

Die Gelofte van 1838 is óf nêrens woordeliks aangeteken nie, óf het nie in die oorspronklike vorm op skrif bewaar gebly nie.⁸⁶ Wanneer ‘n mens in ag neem dat dit volgens die meerderheid primêre historiese getuieis in die vorm van ‘n gebed afgelê is, maak dit sin dat niemand dit tydens die eerste aflegging neergeskryf het nie.⁸⁷ ‘n Gebed word uit eerbied immers selde, indien ooit, genotuleer.

Verskeie weergawes van die Gelofte is wel deur ooggetuies op skrif gestel. Die oudste hiervan word in Jan Bantjes se dagverhaal aangetref. Dit is moontlik op, of pas na 9 Desember 1838 aangeteken. Bantjes het geskryf:

Des Zondags morgens, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogt bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen een gelofte doen wilde, (indien allen wel willen), — ‘om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zyns Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen,’ — en dat zy ook moesten afsmecken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, opdathe t teh [sic] Eere van God gevierd mag worden.⁸⁸

Nog ‘n rekord van die Gelofte verskyn in ‘n brief wat hoof-kommandant Andries Pretorius op 23 Desember 1838 aan die Volksraad gerig het. Sy beskrywing lui:

⁸⁶ E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat’ – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, p. 295.

⁸⁷ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 33; S.P. Olivier, *Fokus op Gelofte*, p. 5.

⁸⁸ G.[S.] Preller (red.), *Hoe ons aan Dingaansdag kom (Jan Bantjes se dagverhaal van die Winkommande [sic])*, p. 12.

Verder wensch ik UE. ook ter kennisse te brengen, dat wy alhier onder elkanderen besloten hebben, om den dag onzer overwinning, zynde Zondag, den 16 dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en viere met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand streden, in het openbaar gebed beloofd hebben, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke gelofte wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren, nu hy ons gezegend, en onze gebeden verhoord heeft.⁸⁹

Sarel Cilliers se weergawe dateer uit ongeveer 1870 en kom in sy biografie of joernaal voor. Dit is langer en uitvoeriger as die vorige twee weergawes, wat die vermoede laat ontstaan dat Cilliers meer daarin geïnterpreteer het, as wat Bantjes en Pretorius gedoen het. Cilliers se bewoording is ook nie in die vorm van ‘n gebed nie. Dit klink eerder na die wyse waarop hy die Gelofte aan die mans verduidelik het, alvorens hulle tot die aflegging oorgegaan het.⁹⁰ Dit lui:

Mijne Broeders en medelandgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven als Hij met zijne bescherming, met ons zal wezen en onze vijand in onze handen, zal geven dat wij die dag en datum, elk jaar als een verjaarsdag en een dankdag, zoo als een Sabbath en Zijne eere, dienen zal, doorbrengen en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten deelen, tot gedachtenis, ook voor ons opkomende geslagten, en als iemand is die er onder bezwaard bevind, dat die dan van deze plaats weg moeten gaan, want de eere van Zijn naam daarvoor zal verheerlijk worden dat de roem en eer van overwinning, aan Hem zal worden gegeven.⁹¹

In 1919 het G.B.A. Gerdener se biografie oor Cilliers verskyn. In hierdie werk het Gerdener Cilliers se weergawe uit ander primêre bronne aangevul en die teks so na as moontlik aan die oorspronklike probeer reconstrueer.⁹² Dié hersaamgestelde Gelofte word steeds gereeld aangehaal en is dekades lank deur talle Afrikaners as die oorspronklike Gelofte beskou. Gerdener is later vir dié poging verkwalik. Omdat die inhoud van sy rekonstruksie betwyfel is, is die bestaan van die Gelofte selfs in die gedrang gebring. Al was sy optrede vanuit ‘n historiese oogpunt beskou nie korrek nie, is dit ‘n voldoende feit dat ‘n Gelofte wel in 1838

⁸⁹ B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, pp. 32-33; H.M. Rex, Die viering van Gelofte dag die vorige eeu, *Die Hervormer* 64(9), Desember 1973, p. 7; F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 111.

⁹⁰ E. Büchner en P. Strauss, “‘n Dankdag soos ‘n sabbat” – die Ned Geref Kerk en die gelofte van 1838 [sic], *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(3), September 1993, pp. 297, 298.

⁹¹ P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, p. 163.

⁹² G.B.A. Gerdener, *Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag*, p. 68; A.N. Pelzer, Die ontstaan van die Gelofte, in A.P. van der Colf (red.), *“Hier staan ons ...” Geloftefeesbundel*, p. 36.

afgelê is en dat die strekking daarvan met Gerdener se weergawe ooreenstem.⁹³ Teen 1962 is hierdie rekonstruksie deur die letterkundige W.E.G. Louw (1913-1980) in Afrikaans vertaal. Die FAK het ‘n muurkaart met die Afrikaanse bewoording laat druk en dit is wyd versprei. Dit lui:

Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om ‘n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as ‘n dankdag soos ‘n Sabbat sal deurbring; en dat ons ‘n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.⁹⁴

In die twintigste eeu het historici die weergawes van die Geloofte letterlik woordeliks gebruik om teorieë oor die nakoming en betekenis daarvan te motiveer. Die betroubaarheid van Bantjes, Pretorius en Cilliers as getuies is ook fyn ontleed. Wanneer bogenoemde vier weergawes vergelyk word, kan min fundamentele verskille daartussen gevind word. Bantjes was die enigste persoon wat vermeld het dat die dag geboekstaaf moes word, ‘n feit wat vir hom as sekretaris belangrik was, terwyl Cilliers nie die bou van ‘n kerk genoem het nie (moontlik omdat die Voortrekkerkerk in Pietermaritzburg teen 1870 reeds voltooi was). Wat belangrik is, is dat al die weergawes spreek van dieselfde eerbied jeens God, noem dat die eer van die oorwinning aan Hom alleen moet gaan en dat dít is wat herdenk moet word.

Hierdie sentiment het die hoeksteen gevorm waarop die meeste latere herdenkings van die Geloofte berus het.

⁹³ Paardekraalse Feeskommissie, “Staatsfees” 1961 Paardekraal, [p. 10]; C.J. Mans, Die draagkrag van die Geloftes van 1838 en 1880, *Hervormde Teologiese Studies* 22(4), 1966, p. 100; A.N. Pelzer, Die ontstaan van die Geloofte, in A.P. van der Colf (red.), “Hier staan ons ...” *Geloftefeesbundel*, p. 36; F.A. van Jaarsveld, Geloftedag in die ban van die tyd, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 18 (3 en 4), September en Desember 1978, p. 223; P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. ‘n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, pp. 164-165.

⁹⁴ C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, p. 473; AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/5: Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1962-02-07, p. 9; AREA, Bloemfontein: PV 202, lêer 1/2/3/2/6: Notule van ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die FAK, 1965-02-09, p. 6; P.W.J. Groenewald (red.), *Die Voortrekker-Gedenkkerk Pietermaritzburg. Nasionale Volksmonument. Simbool van ons vertroue in die toekoms*, [p. 2]; F.A. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988*, p. 110; Nederduitse Gereformeerde Kerkargief, Pretoria: Agenda van die Agste Vergadering van die Algemene Sinode, 1990-10-16 tot 1990-10-26, p. 115.